OOS VRYSTAAT KAAP Bedryf Bpk. Operation Ltd.
Reg. 1999/004069/06 | FSP Nr. 909 | NCRCP619

SAAM BEREIK ONS MEER
TOGETHER WE ACHIEVE MORE

Hoofkantoor/Head Office
Dan Pienaarstraat/St 19
Ladybrand 9745

Posbus/PO Box 96,
Ladybrand 9745

Tel: 051 923 4500
E-pos/Email: klantediens@ovk.co.za
clientservices@ovk.co.za

Streekkantore/Regional Offices
Bloemfontein 051 247 5017
Burgersdorp 051 653 1855
Cradock 048 881 3484
Ficksburg 051 933 7662
Hopetown 053 203 9200
Port Elizabeth 041 406 7500

Webwerf/Web Site: https://www.ovk.co.za
Facebook: https://www.facebook.com/ovkgroep

# TENDERKENNISGEWING NR. 1

## AANBOD VIR DIE KOOP VAN AFGEBREEKTE STAALSTRUKTUUR

Tenders word ingewag vir die verkoop van die volgende afgebreekte staalstruktuur:

**1. BESKRYWING VAN STRUKTUUR EN LIGGING DAARVAN**

1.1 Kort beskrywing van die staalstruktuur (voordat dit afgebreek is):

1.1.1 Ongeveer 45 meter lank x 15.5 meter breed x 5.5 meter hoog;

1.1.2 Bestaan uit portaalrame met purlines en haksroewe wat plate vashou;

1.1.3 Dak, sykante en gewels bestaan uit gegolfde sinkplate.

1.2 Die staalstruktuur (voorheen ‘n stoor) sal deur OVK afgebreek en vervoer word na OVK se Westminster Silo geleë te plaas Westminster, distrik Ladybrand, 9745 (koördinate -29.176524 / 27.153245).

1.3 Vir verdere besonderhede sien gerus die foto’s hierby aangeheg as **Aanhangsel A**.

**2. TOESTAND EN KWALITEIT**

Die afgebreekte staalstruktuur word voetstoots verkoop.

**3. REGSPERSONE**

Indien ‘n potensiële koper ‘n regspersoon is, moet alle direkteure / trustees/ lede / vennote, ‘n volmag op aanvraag verskaf.

**4. TENDERDOKUMENTASIE**

4.1 Slegs tenders wat op die voorgeskrewe tenderdokument voltooi is, sal oorweeg word. Sodanige dokument kan aangevra word van Graham Lottering (082 853 4618 of grahaml@ovk.co.za) of Edwin Brand (082 385 3666 of edwinb@ovk.co.za).

4.2 Voltooide tenders kan gee-pos word aan admintenders@ovk.co.za of ingedien word by die tenderboks te OVK Hoofkantoor geleë te 19 Dan Pienaar Rylaan, Ladybrand en moet duidelik gemerk wees “TENDER: AANBOD VIR DIE KOOP VAN AFGEBREEKTE STAALSTRUKTUUR”;

Direkteure/Directors: CT Bender (Voorsitter/Chairman), FJ Terblanche (Ondervoorsitter/Vice-Chairman), QA de Bruyn, JG Fick, DH le Roux, S Oberholzer (Besturend/Managing), JG Potgieter, JZ Scheepers, JJ Swanepoel, FJ van Zyl, JA van Zyl, SO Vermeulen, DP du Plessis (Sekretaris/Secretary)

4.3 Die tender open om 08h00 op **3 November 2025** en kan tot en met 16h00 op **14 November 2025** ingedien word;

4.4 Die hoogste en/of enigste tender sal nie noodwendig aanvaar word nie, sonder opgaaf van redes;

4.5 Die aanbod wat aanvaar word sal skriftelik bevestig word per e-pos voor/op **17 November 2025**;

4.6 Die pryse wat getender word, sluit BTW uit en sal BTW addisioneel betaalbaar wees;

**5. VOORAF BESIGTING**

Vir vooraf besigtiging skakel gerus vir Graham Lottering (082 853 4618) of Edwin Brand (082 385 3666).

Direkteure/Directors: CT Bender (Voorsitter/Chairman), FJ Terblanche (Ondervoorsitter/Vice-Chairman), QA de Bruyn, JG Fick, DH le Roux, S Oberholzer (Besturend/Managing), JG Potgieter, JZ Scheepers, JJ Swanepoel, FJ van Zyl, JA van Zyl, SO Vermeulen, DP du Plessis (Sekretaris/Secretary)

# Aanhangsel A:

*Neem asseblief kennis dat:*


- *Die foto's die staalstruktuur aandui voordat dit afgebreek is;*
- *Net die afgebreekte staalstruktuur op die tender aangebied word en alle roerende eiendom of graan (wat moontlik op die foto's gesien kan word) uitgesluit is.*







Direkteure/Directors: CT Bender (Voorsitter/Chairman), FJ Terblanche (Ondervoorsitter/Vice-Chairman), QA de Bruyn, JG Fick, DH le Roux, S Oberholzer (Besturend/Managing), JG Potgieter, JZ Scheepers, JJ Swanepoel, FJ van Zyl, JA van Zyl, SO Vermeulen, DP du Plessis (Sekretaris/Secretary)







Direkteure/Directors: CT Bender (Voorsitter/Chairman), FJ Terblanche (Ondervoorsitter/Vice-Chairman), QA de Bruyn, JG Fick, DH le Roux, S Oberholzer (Besturend/Managing), JG Potgieter, JZ Scheepers, JJ Swanepoel, FJ van Zyl, JA van Zyl, SO Vermeulen, DP du Plessis (Sekretaris/Secretary)

SAAM BEREIK ONS MEER
TOGETHER WE ACHIEVE MORE

**OOS VRYSTAAT KAAP** Bedryf Bpk. Operation Ltd.

Reg. 1999/004069/06 | FSP Nr. 909 | NCRCP619

**Hoofkantoor/Head Office**
Dan Pienaarstraat/St 19
Ladybrand 9745

Posbus/PO Box 96,
Ladybrand 9745

Tel: 051 923 4500
E-pos/Email: klantediens@ovk.co.za
clientservices@ovk.co.za

**Streekkantore/Regional Offices**

| | |
|---|---|
| Bloemfontein | 051 247 5017 |
| Burgersdorp | 051 653 1855 |
| Cradock | 048 881 3484 |
| Ficksburg | 051 933 7662 |
| Hopetown | 053 203 9200 |
| Port Elizabeth | 041 406 7500 |

Webwerf/Web Site: https://www.ovk.co.za
Facebook: https://www.facebook.com/ovkgroep

# TENDER VIR DIE KOOP VAN AFGEBREEKTE STAALSTRUKTUUR
# TENDER NR. 1

Ek, die ondergetekende, ____________________________________________
(volle name en van / naam van regspersoon)

Identiteitsnommer / registrasienommer ______________________________

Fisiese adres ______________________________________________________

Posadres __________________________________________________________

Kontaknommer ______________________________________________________

E-pos adres _______________________________________________________
(hierna die “koper” genoem)

**Tender hiermee vir die afgebreekte staalstruktuur die bedrag van: R____________________**

**(__________________________________________) (Aanbod sluit BTW uit)**

**<u>TERME EN VOORWAARDES:</u>**

**1. Prys en betaling**

1.1 Sou die bogenoemde bedrag aanvaar word, is die volle bedrag betaalbaar binne **twee dae** deur middel van elektroniese bank oordrag in OVK se genomineerde bankrekening, sonder enige aftrekking;

1.2 Sou bewys van betaling genoem in 1.1 nie binne twee dae ontvang word nie, behou OVK die reg voor om in sy diskresie ‘n ander aanbod te aanvaar;

1.3 Geen item sal van OVK se perseel verwyder word voordat volledige betaling nie plaasgevind het nie;

1.4 Eienaarskap in die goedere sal eers in die koper vestig nadat die volle bedrag betaal en deur OVK ontvang is.

**2. Risiko**

2.1 Die koper erken dat hy bewus is van die feit dat die staalstruktuur (“goedere”) uit natuurlike materiaal, wat onder andere staal insluit, gemaak is en mettertyd deur die elemente verweer is;

2.2 Nieteenstaande laasgenoemde erken die koper dat hy/sy ‘n geleentheid gehad het om die goedere te besigtig, alternatiewelik foto’s daarvan besigtig het en nogmaals voort wil gaan om die goedere aan te

Direkteure/Directors: CT Bender (Voorsitter/Chairman), FJ Terblanche (Ondervoorsitter/Vice-Chairman), QA de Bruyn, JG Fick, DH le Roux, S Oberholzer (Besturend/Managing), JG Potgieter, JZ Scheepers, JJ Swanepoel, FJ van Zyl, JA van Zyl, SO Vermeulen, DP du Plessis (Sekretaris/Secretary)

koop met die wete dat die goedere nie in 'n goeie of nuwe toestand verkeer nie, en derhalwe "voetstoots" verkoop word;

2.3 Die risiko in die goedere gaan op die koper oor sodra die koper se offer aanvaar word.

## 3. Verwydering & Aanspreeklikheid

3.1 Die koper onderneem om die afgebreekte staalstruktuur voor of op **24 November 2025** te verwyder vanaf OVK se perseel (geleë te OVK se Westminster Silo, plaas Westminster, distrik Ladybrand, 9745, koördinate -29.176524 / 27.153245) en sal alle koste, uitgawes en risiko wat daarmee verband mag hou, vir die koper se eie rekening wees.

3.2 Die koper aanvaar volle aanspreeklikheid vir enige verlies of skade (ingesluit liggaamlike beserings) wat mag voortspruit uit die verwydering van die staalstruktuur en onderneem om aan alle toepaslike veiligheidsvoorskrifte in die verband te voldoen.

3.3 Die koper onderneem om OVK te vrywaar van alle eise, skade, verliese en uitgawes wat moontlik kan voortspruit uit die verwydering van die afgebreekte staalstruktuur.

3.4 Die koper sal geen eis van enige aard teenoor OVK hê vir enige skade of verlies wat die goedere mag aanrig aan die koper, sy eiendom, aan derde persone of die eiendom van derde persone nie en vrywaar die koper vir OVK van enige aanspreeklikheid van welke aard ook al (wat liggaamlike beserings insluit).

## 4. Algemeen

4.1 OVK behou die reg voor om enige aanbod te aanvaar of te verwerp sonder dat enige redes vir so 'n besluit verskaf hoef te word;

4.2 OVK behou die reg voor om ter enige tyd die goedere op tender terug te trek, om die tender te kanselleer of uit te stel sonder dat enige redes verskaf hoef te word;

4.3 Die koper sal nie geregtig wees om bevoordeel te word op grond van enige *bona fide* fout of weglating in die terme en voorwaardes of die foutiewe beskrywing van enige goedere op tender nie;

4.4 Voltooide tenders kan gee-pos word admintenders@ovk.co.za of ingedien word by die tenderboks te OVK Hoofkantoor geleë te 19 Dan Pienaar Rylaan, Ladybrand en moet duidelik gemerk wees "TENDER: AANBOD VIR DIE KOOP VAN AFGEBREEKTE STAALSTRUKTUUR";

Onderteken te ___________________ op hierdie _____ dag van ____________________ 20_____

________________________

Namens Koper

Onderteken te ___________________ op hierdie _____ dag van ____________________ 20_____

________________________

Namens OVK
(slegs indien tender aanvaar word)

Direkteure/Directors: CT Bender (Voorsitter/Chairman), FJ Terblanche (Ondervoorsitter/Vice-Chairman), QA de Bruyn, JG Fick, DH le Roux, S Oberholzer (Besturend/Managing), JG Potgieter, JZ Scheepers, JJ Swanepoel, FJ van Zyl, JA van Zyl, SO Vermeulen, DP du Plessis (Sekretaris/Secretary)